

'n Polisieduiker maak gereed om in 'n stormwaterpyp in Seepunt af te sak. Die polisie het na 'n voortvlugtige man gesoek nadat hy en 'n makker na bewering by 'n huis wou inbreek.
Foto: LULAMA ZENZILE



Voortvlugtige verdwyn soos mis voor die son ná rooftog in Seepunt

LEIGHTON KOOPMAN
Kaapstad

Een voortvlugtige het soos mis voor die môreson verdwyn, maar sy makker is onder 'n motor aangekeer ná 'n mislukte rooftog gister by 'n huis in Seepunt.

'n Grootse soektog na die vermeende rower is gister van stapel gestuur nadat hy en 'n handlangers na bewering by 'n huis in Seepunt wou inbreek. Die huiseienaar het die twee op heterdaad betrap. Hulle het in die rigting van die promenade laat spat toe die polisie ontbied is. Een het onder 'n geparkeerde voertuig gaan skuil, waar hy in hegtenis geneem het. Die ander man het oor die muur op die wandelhof geklim en 5 m na benede gesprong. Mediese personeel is ook ont-

bied nadat die polisie gevrees het die man het homself met die springslag beseer. Die hulp van die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) en die polisie se duikendeheid is intussen ingeroep omdat die vermoede bestaan het dat die rower dalk see in gevul het. 'n Reddingsboot is gestuur om die gebied te patrolleer, maar daar was geen teken van die man nie. 'n Polisieduiker het hierna by 'n nabyliggende stormwaterpyp afgeklou. Die verdagte is steeds soek. Sy makker is in aanhouding.

WILDSTROPERY Giftige koolkoppe gevaar vir renosters

WRSA vra vir strengste moontlike stappe teen stropers

SAREL VAN DER WALT
Pretoria

Wildboere wat renosters op hul plase het, is gewaarsku om op die uitkyk te wees vir vergiftigde koolkoppe wat in renosters se "territoriale mishope" geplaas is. Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA) het in 'n verklaring 'n beroep op wildboere gedoen om die polisie so gou moontlik te kontak as hulle van dié vergiftigde koolkoppe sien. Renosters het die gewoonte om hul mishope gereed te besoek, en vreet dan aan kos wat daar geplant is. Die organisasie het boere ook

gewaarsku om baie versigtig te wees omdat die kans goed is dat wildstropers nog in die omgewing kan wees. WRSA het die polisie, die spesialis-polisie-eenheid die Valke, Sanparke en al die ander rolspeleers wat die laaste ruk gehelp het om vermeende wildstropers aan te keer, vir hul goeie werk gelooft. "WRSA hoop dat die strengste vonnisse opgelê sal word aan diegene wat aan hierdie grusame en afskuwelike daad skuldig bevind word. Ons bied hiermee ons volle samewerking aan die onderskeie rolspeleers om alle stropers, maar veral renosterstropers, aan die kaak te stel. "Hierdie tipe stroping van skaars en bedreigde nasionale bates moet uit 'n polisiëring- en vonnisopleggings-oogpunt binne 'n internasionale konteks gesien word, aangesien Suid-Afrika die meeste van Afrika se wit- en swartrenosters huisves."

Tennisballe as jy wil

Rafael Nadal van Spanje, die wêreld se voorste tennisspeler, plant 'n boom by die Kasetsart-universiteit se dierehospitaal in Hua Hin. Die boomplantseremonie is gister gehou as deel van die Thaise petroliumreus PTT se Miljoen Bome vir die Koning-projek teen aardverhitting. Nadal is in die land om deel te naam aan die Thaise Ope-tennistoernooi, wat tot 3 Oktober duur.
Foto: REUTERS

Renosterkoei vrek in vreemde omstandighede

MARIETIE LOUW-CARSTENS
Pretoria

'n Dragtige renosterkoei is in raaiselagtige omstandighede dood op die buurplaas van mnr. Dawie Groenewald, vermeende baasbrein van 'n beweerde renosterstropersindikaat wat verlede week in hegtenis geneem is. Mnr. Lourens Louw, eienaar van die plaas, Mafunyani, in die Musina (Messina)-distrik, het gister bevestig een van sy renosterkoeie is Maandag dood. Die Burger verneem die polisie is besig met toetse op 'n giftige middel wat naby 'n watergat op die plaas gekry is. Mafunyani grens aan die plaas Prachtig, wat aan Groenewald (42), 'n bekende in wildkringe, behoort. Groenewald, 'n oudpolisieman, is verlede week in die Musina-landdroshof op borgtog van R1 miljoen vrygelaat weens sy beweerde betrokkenheid by 'n sindikaat wat renosters doodmaak. Louw kon gister nie sê waaraan

die renosterkoei op sy plaas dood is nie. Volgens hom lyk dit nie of daar 'n skietwond aan die dier is nie. "Ek kan nie nou sê of die dier moontlik vergiftig of geskiet is nie. Ek wag vir die uitslag van die polisie se ondersoek." Volgens hom was die koei, wat sowat vier jaar oud was, dragtig. "Dit kan wees dat sy dood is toe sy moes kalf. Sy het baie bloed aan haar gehad." Volgens hom is die renosterkoei se horing nie afgesny nie. Die polisie het die horing, nadat sy dood is, afgesny en dit is nou in veilige bewaring. "Ons sal moet wag vir die nadoosde ondersoek voordat ons weet waaraan sy dood is." Louw het gerugte ontken dat hy enige inligting oor Groenewald se beweerde betrokkenheid by die doodmaak van renosters aan die polisie of natuurbewaarders gegee het. Lt.kol. Ronel Otto, 'n polisiewoordvoerder, het bevestig die Musina-polisie ondersoek die renoster se dood.

Nederlandse vrywilligers eindelijk hier vir bouwerk

ALDI SCHOEMAN
Kaapstad

Nie eers 'n vulkaan kon dié Nederlanders onderkry nie. 'n Groep sou in April hierheen kom om huise en 'n crèche in Mfuleni te help bou, maar toe Ysland se Eyjafjallajökull uitbars en vulkaniese as dae lank oor Europa gehang het, is hul vlug hierheen gekanselleer. Nou is hulle uiteindelik hier – hulle grawe slote, bou mure en sit dakke op vier huise. "Ons tasse was al gepak en ons was reg om lughawe toe te ry. Ons het só gehuil toe ons nie kon kom nie," het me. Martijn van der Kroef, 'n opvoedkundige en adjunkvoorsitter van die Mzamomhle-stigting, gister vertel. Altesaam 38 vrywilligers van dié stigting gaan tot Vrydag help bou. Die voorsitter van die stigting, mnr. Rob Serné, is 'n senior vlieënier by die Nederlandse lugdiens KLM en van sy kollegas kom sit ook hand by wanneer hulle vir hul vlug-



Vrywilligers bou saam met Habitat for Humanity en die Mzamomhle-stigting. Van links is mnr. Borssum Wopplikes, sy dogter Lara en me. Anna Jonkman.
Foto: DENZIL MAREGELE

te terug na Nederland wag. Elke vrywilliger moet, benewens hul eie vliegtuigkaartjie en verblyf, nog €600 betaal om vir die huise, wat R91 000 kos, te help betaal. Die res van die koste word deur die eienaars se behuisingssubsidie betaal en die huise word in samewerking met Habitat for Humanity gebou. Die vrywilligers help ook bou aan 'n crèche in Mfuleni. Die nuwe skool bestaan uit vyf klaskamers, 'n gemeenskapsaal en 'n woonstel vir 'n opsigter.

Ozzy tref die Heilige Land

Jerusalem. – Die Britse rocker Ozzy Osbourne gaan Dinsdag in Israel optree ondanks 'n reeks onlangse kansellings deur kunstenaars uit protes teen die besetting van Palestynse grond. Toe hy Sondag deur die nuusdiens Ynet gevra is of hy weens die konflik oor die optrede twyfel, het Osbourne gesê hy vermy politiek omdat "ek nie sal weet waarvan ek praat nie". Sy vrou en bestuurder, Sharon Osbourne, het bygevoeg: "Brittanje het die Ierse Republikeinse Leër en niemand kanselleer konserte daar nie." Op die vraag waarom hy Israel nie al vantevore besoek het nie, was Osbourne se reaksie: "Ek weet nie, ek was jare lank dronk." Osbourne het in die 1970's berugtheid verwerf as lid van die metalgroep Black Sabbath voor hy 'n sololoopbaan begin volg het. – Sapa-AFP

104 FM

RADIO TYGERBERG

ONS VERKONDIG CHRISTUS
WE PROCLAIM CHRIST

ondersteun die...

add HOPE

RUN

SHOPPING PRECINCT

10km-wedloop & 5km pretedraf, Saterdag, 2 Oktober 2010

Inskrywingsvorme beskikbaar by die inligtingstoonbank van CapeGate Winkelsentrum
Skryf vooraf in by www.enteronline.co.za (aanlyn-inskrywings sluit Donderdag 30 Sept.2010)

the beauty, the choice

www.capegatecentre.co.za

Management: Tel 021 981 2288 Cnr Ohavango & De Bron Roads Brackenfell

An ATTEUND property Managed by PARKDEV

DRAFTFCB/VOD0130353/1

GAAN DIREK EN GESELS MEER

Nuut

Kry die beste vir minder!

R99*

VERMINDERDE SUBSKRIPSIEFOOI

+100 GRATIS SMS'e PM
+30MG DATA PM
+ R135 LUGTYDWAARDE PM

GRATIS*

SLEGS PER-MINUUT KOSTEBEREKENING

KENMERKE:
• 3.0" Volraakskerm
• Toegewyde MSN & Facebook (Koppelvlak-elemente)
• Gerygde Boodskapsdiens, Opera Mini Rondblaai,
• 2-Megapikselskamera, FM-radio & MP3-speler

Gratis SIM, Gratis Aansluiting, Gratis Aflewering

Vir meer inligting, besoek www.vodacomdirect.co.za
OF skakel 082 1950

• 2-Jaar Waarborg • 14-Dae Geld-terug Waarborg • Wêreldklas Gerief
Ons oproepentrum is oop tussen 08:00 - 20:00 weksdae en 09:00 - 14:00 naweke. Hou jou ID-nommer en bankbesonderhede byderhand.
*BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD. AANBOD IS GELDIG TOT 6 OKTOBER 2010 TERWYL VOORRAAD HOU. BF&W. RICA REGISTRASIE MOET PERSOONLIK GEDOEN WORD EN KAN NIE TELEFONIES GEDOEN WORD NIE.

Please Quote Ref. VBURGERWED

DIENSNVRAE? NUWE SUBSKRIPSIES?

Jy kan enige tyd op ons knoppie druk!

0861 343 287

EPOS: ntekenaanvrae1@onthedat.co.za WEBUISTE: www.dieburger.com
SMS die woord "NUUT" om in te teken of "DIENS" vir navrae aan 31069 en ons sal jou terugskakel

DIE BURGER

KunsteKaap Nasionale

2010 Jeug-musiek-kompetisie

KUNSTEKAAP TEATER

Ronde 1 - 3: 4 - 7 Okt. (GRATIS)
Galakonsert: 9 Okt. 19:30 (R85)

Bespreek by Computicket of KunsteKaap Bel-'n-Sitplek 021 421 7695

IS JOU BESIGHEID GEDEK?

www.outsurace.co.za
OUT Surance is 'n genligning finansieël diensverleener.